15

SCIENTIA

WNNR · CSIR

SPESIALE VERSLAG

Keep for Staff

PERS 136

# DIE ONVOLTOOIDE SINNE TOETS: 'N VERBETERDE VORM


NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING
WETENSKAPLIKE NYWERHEID EN NAVORSINGSRAAD



WNNR Spesiale Verslag, PERS 136 U.D.C. 159.923.072/.073

Pretoria, Suid-Afrika November 1970



001.3072068 CSIR NIPR PERS 136

HSRC Library and Information Service

HSRC
Private Bag X41
PRETORIA
0001

Tel: (012) 302 2505
Fax: (012) 302 2933

RGN
Privaatsak X41
PRETORIA
0001

Tel: (012) 302 2505
Fax: (012) 302 2933

RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

PB

# DIE ONVOLTOOIDE SINNE TOETS:

## 'n Verbeterde Vorm

HSRC Library and Information Services
RGN-Biblioteek en Inligtingsdiens

DATE DUE - VERVALDATUM

November, 1970

NASIONALE INSTITUUT VIR PERSONEELNAVORSING
SUID-AFRIKAANSE WETENSKAPLIKE NYWERHEID EN NAVORSINGSRAAD

*PB96433*

RGN BIBLIOTEEK
1995 12.11.
HSRC LIBRARY

| STANDKODE | AANWINSNOMMER |
| --- | --- |
| 001.3072068 CSIR NIPR PERS 136 | PB |

## INHOUDSOPGAWE.


1. INLEIDING.

2. PROBLEEMSTELLING.

3. LOODSSTUDIES (1965 - 1970).

   3.1. Metode
   3.2. Resultate

   3.2.1. Ontleding van Sinne.
   3.2.2. Bespreking en Gevolgtrekkings.

   (1) Bruikbaarheid van Bestaande Sinne.

   (2) Gestruktureerdheid van Sinne.

   (3) Tydsfaktor.

   (4) Interpretasie van die Toets.

4. SAMEVATTEND.

5. AANBEVELINGS.

6. LITERATUURLYS.

7. BYLAE 1 - 3.

Hierdie projek is deur Dr P.R. Skawran inisieër.
Sedert 1970 staan dit onder leiding van R.F. Skawran.

Die analise van die ou vorm van die Onvoltooide Sinne toets is deur J.C. Stals gedoen.

By die interpretasie van die ou vorm van die Onvoltooide Sinne toets was M.J. La Grange behulpsaam.

Die opstel van die verbeterde vorm van die Onvoltooide Sinne is deur M.E. Marais gedoen.

## 1. INLEIDING.

Die Onvoltooide Sinne metode het sy oorsprong in die werk van Ebbinghaus[5], Kelley[12] en Traube[24] en is deur hulle gebruik om intellektuele veranderlikes te probeer vasstel. Sedertdien het hierdie benadering meer in onguns verval. As 'n instrument vir persoonlikheidsmeting egter is die Onvoltooide Sinne in 'n toenemende mate gebruik. Van al die psigologiese toetse en instrumente wat in kliniese sielkunde gebruik word, staan volgens Sundberg[23] hierdie toets in die 13de plek en met betrekking tot persoonlikheidsmeting vind hy, kom die Onvoltooide Sinne tweede, net na die M.M.P.I.

Die Onvoltooide Sinne toetse bestaan uit 'n lys van onvoltooide sinstamme, d.i. die aanvang of die einde van 'n sin, en van die toetsling word verwag dat hy hierdie sinstam, van een of 'n paar woorde, voltooi tot 'n volledige sin. Nadat die toetsling die toets voltooi het, word elke afsonderlike sin klinies ontleed en geïnterpreteer.

As 'n kliniese instrument het die Onvoltooide Sinne toets die voordele van buigbaarheid en ekonomie, sonder om 'n verlies in kwaliteit of kwantiteit teweeg te bring. Dit is 'n buigbare metode omdat dit vir baie doelwitte gebruik kan word. Die Onvoltooide Sinne metode is ook ekonomies aangesien daar vir die toepassing van die toets slegs 'n afgerolde vorm nodig is, tesame met 'n potlood. Die toets neem slegs 20 na 30

minute om af te handel. Daarby is die instruksies kort en duidelik en bestaan gewoonlik uit 3 of 4 sinne. As gevolg van hierdie faktore is dit dan verstaanbaar dat die Onvoltooide Sinne metode as benadering tot kliniese ontleding baie populêr geword het. Kelly en Fiske[13, 14], asook Samuels[21], gebruik dit om die sukses van gegradueerdes in kliniese sielkunde te voorspel. Touchstone[25] gebruik die Onvoltooide Sinne metode om die verskille tussen Blankes en Negers te ondersoek. MacBrayer[15] ondersoek die verskille in geslagswaarneming daarmee, terwyl Cameron [3] en Ellsworth[6] die taal van skisofrene daarmee ondersoek. Kahn [16] gebruik hierdie metode ook in die gevalle-studie van 'n massa-moordenaar. Sover bekend, is dit nog slegs die American Army Air Force Aviation Psychology Programme[4] en die N.I.P.N. [4] wat verslae gepubliseer het oor die gebruik van die Onvoltooide Sinne metode in keuring.

By die keuring van applikante is 'n roetine persoonlikheids-ontleding nodig. Roetine persoonlikheidsontleding word hier geneem as 'n vinnige oorsig wat egter die algemene struktuur van die persoonlikheid sal aandui en enige ernstige probleme of onbestendighede sal opwys, eerder as 'n diepgaande ondersoek van die persoonlikheid. Roetine persoonlikheidsontleding is noodsaaklik waar grootskaalse keuring onderneem word.

Die vorm van die Onvoltooide Sinne wat deur die N.I.P.N. gebruik word, is gebaseer op die vorm wat deur J.B. Rotter en B. Willerman [19] vir die American Army Air Force Aviation Psychology Programme opgestel is. Hulle het 'n semi-objektiewe nasiensleutel gebruik en die betroubaarheidsmeting tussen sewe nasieners was r = .89. 'n Ondersoek om 'n objektiewe sisteem van nasiening op te stel is ook in Johannesburg deur A.M. Carne[4] gedoen en een van haar gevolgtrekkings was dat die Onvoltooide Sinne metode 'n nuttige instrument is, veral vir kliniese ontleding, maar dat meer navorsing nodig is alvorens 'n meer betroubare evaluasie gemaak kan word.

In 'n poging om die Onvoltooide Sinne toets meer doeltreffend te maak vir keuringsdoeleindes, het die keuringsafdeling van Pretoria 'n nuwe vorm opgestel (bylae 3a & b), gebaseer op die vorm wat by die N.I.P.N. in Johannesburg gebruik word en wat op Rotter en Willerman se toets gebaseer is. Die inligting en navorsing oor hierdie aanpassing het ongelukkig verlore geraak.

Met die praktiese toepassing van die aangepaste vorm het dit egter begin duidelik word dat ook hierdie vorm nie so doeltreffend is nie. 'n Begin is gemaak met 'n ondersoek na die waarde van die aangepaste vorm van die Onvoltooide Sinne. Daar is egter baie praktiese probleme ondervind, waarvan die belangrikste die omset in personeel was. In die oordra

van die ondersoekmateriaal van die een navorser na die volgende het inligtingsverlies gevolg. Daar bestaan dus die behoefte om die inligting wat nog beskikbaar is, en die inligting oor die ondersoeke van die afgelope drie jaar, saam te vat met die oog op 'n meer doeltreffende formulering vir 'n projek.

## 2. PROBLEEMSTELLING.

Die vernaamste swakhede van die Onvoltooide Sinne toets wat op die oomblik deur die N.I.P.N. te Pretoria gebruik word, is kortliks die volgende:

(1) In die toets is daar 'n aantal sinne wat slegs stereotipe reaksies van die toetslinge uitlok. Hierdie sinne gee geen spesifieke inligting oor 'n indiwidu nie.

(2) Die sinne in die toets mik op persoonlikheidstrekke van 'n heel algemene aard en die indiwidualiteit en dieperliggende gedragsaspekte van die persoon kom nie duidelik na vore nie.

## 3. LOODSSTUDIES (1965 - 1970).

In 1965 is navorsing aan die gang gesit om die huidige vorm van die Onvoltooide Sinne toets te ontleed met die doel om:

(1) Die minder betekenisvolle sinne te elimineer;

(2) en om sinne wat meer betekenisvolle inligting bied, in te stel.

3.1. <u>Metode.</u>

'n Ongeselekteerde groep van 132 toetslinge is getrek van persone wat getoets is by die N.I.P.N., Pretoria, sonder om 'n verskil te maak tussen aangestelde en nie-aangestelde persone. Die aantal Engels- en Afrikaanssprekende toetslinge, asook die aantal mans en vrouens is nie genoem nie. Dit blyk dat hierdie inligting ongelukkig verlore geraak het sedert die werk gedoen is.

Die Engelse toetse is na Afrikaans vertaal om die waardetoekennings en klassifikasie te vereenvoudig. Hierby is in ag geneem dat daar geringe betekenisveranderings deur die vertalings teweeggebring, moontlik was, aangesien, as gevolg van grammatika verskille, sinne nie altyd presies vertaal kon word nie.

<u>Voorbeelde:</u>

Afrikaans: 'n Mens moet ...
Engels: One should seek ...

Afrikaans: Ek wil net altyd ...
Engels: One always wants ...

'n Tabel is opgestel vir elk van die sinstamme en daaronder is die response van elke toetsling afsonderlik neergeskryf. In gevalle waar dieselfde respons deur meer as een toetsling gebruik is, is hierdie respons slegs die eerste keer neergeskryf en daarna is

slegs frekwensie-merkies daarnaas geplaas. Hierdie merkies het dus aangedui hoeveel keer die toetslinge die respons herhaal het. Waar toetslinge van sinonieme gebruik gemaak het (bv. Ek voel ... opgenome; Ek voel ... opgewek; Ek voel... opgeruimd), of ook waar toetslinge die woordorde van response effens verander het, (bv. Streng dissipline ... is vir kinders. Streng dissipline... is van toepassing op kinders. Streng dissipline ... is iets wat elke kind behoort te kry), is dit ook beskou as herhalings van dieselfde respons. Sodoende kon van die tabelle af gelees word hoeveel herhalings daar by elke sinstam voorkom, en hoeveel 'oorspronklike' response daar was.

Die aantal sinne wat deur elke toetsling voltooi is, is ook aangeteken.

3.2. Resultate.

Die totale aantal sinne deur die 132 toetslinge voltooi, was 4,025. Die gemiddelde aantal sinne per toetsling was dus 30.49.

Slegs 19 persone in die hele loodsstudie het die volle 42 sinne voltooi.

Dit was moeilik om vas te stel of die oorblywende toetslinge deur die tydsfaktor verhinder is om klaar te

maak en of hulle nie die sinne wou voltooi nie, of miskien die sinne nie verstaan het nie. Dit was egter opvallend dat sommige van die sinne meer (of makliker) beantwoord is, terwyl daar ander was wat meer dikwels uitgelaat is. Daar was egter 'n skerp daling in die aantal sinne wat voltooi is vanaf sin nr 29. In die eerste helfte is 2294 sinne voltooi en in die tweede helfte is slegs 1730 voltooi.

'n Korrelasie is bereken tussen die aantal response wat 'n sin-stam uitgelok het en die aantal duplikerings wat tussen hierdie response voorkom. 'n Positiewe korrelasie van .60 is gevind. Dit kom dus voor dat die sin-stamme wat die meeste response uitlok ook 'n groot mate van duplisering insluit.

(Vir die meer spesifieke ontledingsresultate sien Tabel I).

3.2.1. Ontleding van Sinne.

In die ontleding van elke afsonderlike sin is die volgende kommentaar gelewer:

Sin nr 1. (... en ... is die voorvereistes vir geluk in my werk.) In die eerste plek is dit hier opvallend dat die woord „voorvereiste" verkeerd verstaan word, of in elk geval nie in die regte betekenis gebruik word nie. Slegs in 140 uit die

## TABEL I.

## PERSENTASIES VAN DUPLISERING EN VAN OORSPRONKLIKE RESPONSE.

| Sin nr. | Oorspronklike response. | Duplisering. | Totaal voltooi. | Oorspronklik. | Duplisering. |
|---|---|---|---|---|---|
| | (Die eerste sin vra twee response) | | | | |
| 1 | 78 | 142 | 110 | 35.4 | 64.6 |
| 2 | 63 | 57 | 120 | 52.5 | 47.5 |
| 3 | 55 | 58 | 113 | 48.7 | 51.3 |
| 4 | 34 | 87 | 121 | 28.1 | 71.9 |
| 5 | 42 | 72 | 114 | 36.8 | 63.2 |
| 6 | 65 | 55 | 120 | 54.2 | 45.8 |
| 7 | 56 | 30 | 86 | 65.0 | 35.0 |
| 8 | 55 | 72 | 127 | 43.3 | 56.7 |
| 9 | 54 | 52 | 106 | 50.9 | 49.1 |
| 10 | 36 | 91 | 127 | 28.3 | 71.7 |
| 11 | 61 | 40 | 101 | 60.4 | 39.6 |
| 12 | 72 | 12 | 84 | 85.7 | 14.3 |
| 13 | 47 | 65 | 112 | 41.9 | 58.1 |
| 14 | 55 | 62 | 117 | 47.0 | 53.0 |
| 15 | 34 | 74 | 108 | 31.5 | 68.5 |
| 16 | 57 | 42 | 99 | 57.5 | 42.5 |
| 17 | 42 | 70 | 112 | 37.5 | 62.5 |
| 18 | 36 | 80 | 116 | 31.0 | 69.0 |
| 19 | 54 | 38 | 92 | 58.7 | 41.3 |
| 20 | 54 | 45 | 99 | 54.5 | 45.5 |
| 21 | 33 | 77 | 110 | 30.0 | 70.0 |
| 22 | 36 | 26 | 62 | 58.1 | 41.9 |
| 23 | 60 | 37 | 97 | 61.9 | 38.1 |
| 24 | 29 | 95 | 124 | 23.4 | 76.6 |
| 25 | 26 | 96 | 122 | 21.3 | 78.7 |
| 26 | 37 | 82 | 119 | 31.1 | 68.9 |
| 27 | 30 | 80 | 110 | 27.3 | 72.7 |
| 28 | 37 | 74 | 111 | 33.3 | 66.7 |
| 29 | 35 | 44 | 79 | 44.3 | 55.7 |
| 30 | 39 | 37 | 76 | 51.3 | 48.7 |
| 31 | 41 | 41 | 82 | 50.0 | 50.0 |
| 32 | 26 | 60 | 86 | 30.2 | 69.8 |
| 33 | 43 | 40 | 83 | 51.8 | 48.2 |
| 34 | 30 | 61 | 91 | 32.9 | 67.1 |
| 35 | 20 | 60 | 80 | 25.0 | 75.0 |
| 36 | 27 | 46 | 73 | 37.0 | 63.0 |
| 37 | 37 | 7 | 44 | 84.0 | 16.0 |
| 38 | 30 | 48 | 78 | 38.5 | 61.5 |
| 39 | 29 | 15 | 44 | 65.9 | 34.1 |
| 40 | 33 | 18 | 51 | 64.7 | 35.3 |
| 41 | 28 | 24 | 52 | 53.8 | 46.2 |
| 42 | 36 | 30 | 66 | 54.5 | 45.5 |
| Totaal: | 1792 | 2342 | 4134 | 1919.2 | 2280.8 |

/Gemiddeld...

Gemiddeld Oorspronklik = <u>45.7%</u>

Gemiddeld Duplisering = <u>54.3%</u>

220 response was dit werklik voorvereistes wat die <u>werknemer</u> kan stel, in 39 van die response sou dit eise wees wat die <u>werkgewer</u> stel. In 36 van die response kan enigeen van die twee daar voordeel uit trek, en in 5 gevalle was die response niksseggend of glad nie van toepassing nie. 'n Belangrike faktor wat hier 'n invloed kon gehad het, is die toetsling se sterk motivering om 'n goeie indruk te maak. Hulle sien die toets nou as 'n geleentheid om hulle beste voet voor te sit en 'n goeie indruk te maak, of ten minste dan om hulle eie houding teenoor die werk te weerspieël. As gevolg hiervan is dit dikwels nie moontlik om die sin in sy gewone verband te gebruik of te interpreteer nie, hoewel dit tog in die wyer sin van die ontleding van die persoonlikheid wel van waarde is. Dit sou egter van meer betekenis wees indien die toetsling se houding teenoor sy werk dan liewer op 'n meer subtiele wyse verkry word. 'n Voorstel word in elk geval gemaak dat die sin so verander of gerekonstrueer word dat daar geen verwarring by die toetsling kan ontstaan oor wat die betekenis van woorde betref nie.

HSRC LIBRARY
RGN-BIBLIOTEEK PB

Sinne nr's 2 en 3. (Ek kom die beste klaar met ...). ('n Mens moet ...).

Hierdie sinne is albei vir die toetslinge baie duidelik, en dit word redelik dikwels beantwoord. Hoewel dit in baie gevalle meer 'n poging is om 'n beeld van die ideale ek te skep, het dit voldoende waarde aangesien dit insiggewend is om te sien wat mense as 'n ideaal voorhou, of in ander gevalle wat hulle probeer voorgee hulle is.

Sin nr 4. (As ek 'n plas bloed in die straat sien ...).

Hier is die duplisering baie hoog, asook die hoeveelheid sinne wat eintlik niksbeduidend is soos: „wonder ek hoe dit daar kom", of „dink ek aan 'n ongeluk". Daar is egter heelwat gevalle wat baie insiggewend is wat betref emosionaliteit, simpatie, ongevoeligheid, ens..

Sin nr 5. (Mense is almal basies ...)

„Mense is almal basies"... 'eenders' of 'verskillend' - is die respons van 55 uit die

114 gevalle en boonop is sodanige uitdrukkings baie algemeen ·bruikbaar in die allerdaagse spreektaal. Die gevolg is dat dit vir ontleding weinig waarde het, en dat die toetsling dikwels self nie kan verduidelik wat hy daarmee bedoel nie. Dit word gevoel dat die hoeveelheid sinne wat hier wel van waarde is, nie die geheel regverdig nie. 'n Moontlike oplossing sou wees om die stimulus te verkort na „Mense...", aangesien dit dan minder gestruktureerd is, en meer vryheid toelaat, of selfs „Ander mense..."

<u>Sinne nr's 6 en 7.</u> (Ek hou daarvan om ...)
(Meestal kan mens die wêreld...)

Beide nr 6 en nr 7 lewer heelwat oorspronklike response. Opvallend is hier nr 7, waar slegs 86 sinne voltooi is, teenoor die gemiddeld van 110 vir die eerste helfte van die toets, en waar slegs 35% duplisering voorkom, teenoor 54.3% duplisering as die gemiddeld vir die toets (sien latere bespreking in hierdie verband).

<u>Sin nr 8.</u> (Streng dissipline...)

Slegs drie verskillende tipe van reaksies word op

hierdie sin verkry, naamlik die ten gunste van streng dissipline, veroordeling van streng dissipline en 'n ontwykende of neutrale antwoord. Dit is dus te begryp dat duplisering baie hoog is, maar desnieteenstaande maak dit die sin nie nutteloos nie. Die stimulus is wel geweldig beperkend deurdat dit na een spesifieke begrip verwys, maar omdat hierdie begrip in 'n werksituasie wel 'n belangrike rol speel, is dit vir personeelkeuring wel van waarde. (Nie dat dit bloot vir persoonlikheidsontleding noodwendig van minder waarde is nie.)

Sin nr 10. ('n Mens beoefen 'n beroep...)

Dit is weer 'n geval waar 'n groot aantal sinne voltooi is (127) en waar die duplisering ook besonder hoog is (72%). Aangesien die duplisering egter oor 'n hele aantal sinne versprei is, beperk dit nie die ontledingswaarde geheel en al nie. Dieselfde geld egter hier wat by nr 1 die geval is, naamlik dat mense hulle reaksies by die omstandighede probeer aanpas, en 'n meer positiewe houding teenoor die werksituasie probeer inneem as wat miskien die geval sou wees indien hulle nie vir werk aansoek doen nie.

<u>Sin nr 12.</u> (Soms wonder ek of . . . )

Opvallend is hier weer die lae getal response, en daarmee gepaardgaande 14% duplisering.

<u>Sin nr 13.</u> (Enige mens ondervind een of ander tyd. . . )

Hierdie sin het op die oog af 'n heeltemal normale kwantitatiewe waarde, maar by nadere ondersoek blyk dit dat die kwalitatiewe aspek veel te wense oorlaat. Aangesien die prikkel wat gegee word, nl. „Enige mens ondervind een of ander tyd. . ." so algemeen is, is die response ook baie algemeen en word dit selde met die indiwidu self in verband gebring, maar kan op enigiemand met dieselfde geldigheid toegepas word. Die woorde „enige" asook „een of ander tyd" kan miskien hiervoor verantwoordelik gehou word. Hoewel hierdie sin daartoe bydra om 'n algemene „atmosfeer" of geheelindruk te skep, is dit alleen van min waarde. 'n Voorstel word gemaak dat dit weggelaat word in die vervolg, of vereenvoudig word na „'n Mens ondervind. . .", hoewel daar geen bewys voor bestaan dat laasgenoemde meer suksesvol sal wees nie.

Sin nr 14. ('n Mens kan ander mense maklik beïndruk deur. . . )

Hierdie sin is redelik gemiddeld wat beantwoording betref en kan in die meeste gevalle suksesvol geïnterpreteer word. Die enigste probleem ontstaan waar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die indiwidu se eie houding, en dit wat hy as die algemene houding beskou. Die oplossing daarvoor kan egter meestal uit die res van die toets of van bykomende toetse en gegewens verkry word.

Sinne nr's 15, 17, 18. (My senuwees. . . ) (Terugslae. . . ) (Ek voel . . . tussen vreemde mense).

Hier, net soos in die geval van nr 8 word die response weer beperk, maar weereens is dit heeltemal voldoende om te weet of die persoon homself beskou as iemand met swak senuwees, goeie senuwees en of hy die kern van die saak ontwyk. Nr 17 en nr 18 val ook min of meer onder hierdie kategorie, en die hoë duplisering maak gevolglik nie die response noodwendig van minder waarde nie.

Sin nr 20. („. . . " is die belangrikste woord in my woordeskat).

Die enigste probleem hier is dat 'n enkele woord-respons baie beperkend is. Veral by die interpretasie van die toets is dit nie altyd moontlik om vas te stel in watter opsig die een enkele woord vir die toetsling belangrik is nie. Dit maak dikwels verdere navraag en ondersoek nodig.

Sin nr 21. (Ek is bereid om te veg vir . . .)

Die oorspronklike sinne is hier baie min, en dit kan in 'n groot mate daaraan toegeskryf word dat mense probeer om sosiaal algemeen aanvaarde stellings te maak, in plaas van hulle eie behoeftes na vore te bring. Nietemin onderskei dit tog watter veld of aspekte vir 'n persoon van belang is, bv. godsdiens, patriotisme, persoonlike sekuriteit, vrye denke, ens..

Sin nr 22. ( . . . is teen my. )

Hoewel heelwat duplisering voorkom by „niks" of „niemand" is dit in sigself insiggewend, en beantwoord die sin tog aan sy doel aangesien die res van die response redelik indiwidueel van aard is.

<u>Sin nr 23.</u> (Sommige dae voel ek ...)

Hierdie sin herinner weer aan nr 13, deurdat die „sommige dae" byna enige gevoel regverdig. Die respons as sulks kan dus nie as aanduiding van 'n belangrike of dominante gevoelstœ stand beskou word nie. Die toetsling dink by die woorde dikwels aan iets wat <u>nie elke</u> dag voorkom nie. Die vraag ontstaan nou watter gewig aan elk van die gevoelstoestande toegeken moet word.

<u>Sin nr 24.</u> (Solank 'n mens in ... glo sal jy vêr kom).

Duplisering is hier baie hoog, en tog is die sin van redelike waarde, omdat dit weereens soos by nr 21 sekere begrippe of velde aandui. In hierdie geval sou 'n mens net die persoon se sekuriteit-simbole of velde kon onderskei. Die verskil lê hoofsaaklik by die persoon wat op homself vertrou, die met 'n meer godsdienstige inslag, en die wat op persone of faktore buite homself vertrou. Eersgenoemde twee hoef nie noodwendig apart te funksioneer nie, en word dan ook dikwels in kombinasie aangetref in 'n respons soos "God en jouself" Die respons-veld is met ander woorde beperk, maar dit sou nie beteken dat die waarde

van die sin in die toets daardeur afneem nie.

<u>Sin nr 25.</u> ('n Mens moet nooit ander mense...)

Hierdie sin lok nie slegs spreekwoorde as response uit nie, maar die toetslinge (of in elk geval die groot meerderheid) probeer om sosiaal aanvaarbare en „goeie" response te gee. Slegs hier en daar kom oorspronklike en werklik betekenisvolle gedagtes na vore soos byvoorbeeld: „'n Mens moet nooit ander mense probeer verander nie". Hoewel die stereotipe response in baie gevalle miskien werklik die persoon se oortuiging en houding weergee, is dit nie altyd moontlik om sodanige gevalle van die ander te onderskei nie. Die prikkel wat lui: „'n Mens moet nooit..." is alreeds soos die begin van 'n vermaning of sedepreek, en dit kan dus nie verwag word dat die respons veel oor die indiwidu self na vore moet bring nie.

<u>Sin nr 26.</u> ('n Mens kan ander lei deur...)

Weereens kom die algemene voorskrif van „'n Mens kan ander lei deur 'n goeie voorbeeld te stel", baie sterk na vore, aangesien 51 van die 119 response hierdie patroon gevolg het. Vir interpretasie sou so 'n respons van min waarde wees, want

hoewel die indiwidu sekerlik idees van sy omgewing aanneem wat met sy eie persoonlikheid verband hou, moet die onnatuurlikheid van die toets-situasie weereens beklemtoon word. Buitendien, al sou elk van die toetslinge die respons uit werklike oortuiging gee, dra dit wel by tot 'n persoonlikheidsontleding, maar diskrimineer dit nie werklik tussen indiwidue nie. 'n Oplossing vir die probleem sou miskien wees om die stimulus sodanig te rekonstrueer dat dit nie meer die stereotipe uitdrukking vorm nie, en nogtans na leierskap verwys.

Sin nr 27. (Elke mens het ...)

Die beantwoording van hierdie sin word sterk beïnvloed deur algemene stellings wat die regte en indiwidualiteit van die mens as wese verdedig, en hoewel die duplisering dus redelik verspreid is, is daar nie veel te kies tussen die verskillende uitdrukkings nie. Slegs hier en daar kom response te voorskyn wat werklik diskrimineer tussen algemene standpunte of uitdrukkings, en die van die indiwidu. Oor die algemeen is hierdie sin egter nie van veel waarde nie, en word voorgestel dat dit vervang of heeltemal weggelaat word.

<u>Sin nr 28.</u> (As ek in 'n argument betrokke raak...)

Net soos by nr 27 word hierdie sin redelik maklik beantwoord, en is duplisering hoog. Die verskil kom egter daarby in dat die respons-veld baie meer beperk is as by nr 26, en dat duplisering noodwendig volg. Aangesien hierdie sin egter direk na die indiwidu verwys, is die respons van veel meer waarde as by die algemene stelling, hoewel 'n groter gevaar weer hier ontstaan dat mense die implikasie van hulle antwoorde insien, en sodoende dit probeer ontduik om 'n eerlike antwoord te gee.

<u>Sinne nr's 29 en 30.</u> (My drange...) (Ek wil net altyd...)

Albei hierdie sinne toon 'n hoë persentasie oorspronklike response, en 'n lae beantwoordingsgetal. Hoewel nr 29 meer ontwykende response oplewer as nr 30, is albei tog redelik insiggewend en bruikbaar vir ontleding. Nr 31 kan ook hierby gevoeg word.

<u>Sin nr 32.</u> (Soms doen ek dinge...)

Hierdie sin toon 'n baie hoë persentasie duplisering met 'n sterk konsentrasie op een respons, naamlik:

„Soms doen ek dinge waaroor ek later spyt voel". Dit is baie moeilik om waarde aan sodanige respons toe te ken, en navraag in hierdie verband lewer ook min op. Hoewel daar enkele beduidende response gevind word by hierdie sin, word gevoel dat dit nie werklike die moeite werd is om dit in die toets te behou nie.

Sin nr 33. (Ek hou daarvan om ...)

Duplisering is hier laag sowel as goed verspreid, en min ontwykende of onbeduidende response word aangetref. Ongelukkig raak die sin nie dikwels die dieper lae van die persoonlikheid nie, en handel dikwels met allerdaagse aktiwiteite. Nietemin diskrimineer dit tussen indiwidue en word 'n goeie algemene indruk daardeur verskaf.

Sinne nr's 34, 35 en 36. (Mense kan die beste beoordeel word aan ...) (Indien die meerderheid my opponeer...) (In 'n moeilike situasie voel ek dat die leiding...)

Die responsveld is hier weereens ietwat beperk, en duplisering hoog. Nietemin is veral laasgenoemde twee heeltemal effektief en belangrik in die sin dat dit die toetsling se reaksie op probleem-

situasies probeer vaspen. Of die persoon homself kan handhaaf, en selfs leiding kan neem en of hy toegee en onderwerp.

Sin nr 37. (Ek is ...)

Hierdie sin lewer die hoogste persentasie oorspronklike sinne, naamlik 84%, en is opvallend ook die minste beantwoord van al die sinne. Behalwe vir ongeveer drie ontwykende antwoorde, is dit die sin wat die meeste spontane insig gee in die persoonlikheid van die toetslinge, en kan as sodanig, sowel as vir dieper ontleding baie goed gebruik word.

Sin nr 38. (Godsdiens ...)

Weereens 'n beperkte responsveld.

Sin nr 39. (Ek onthou ...)

Duplisering baie laag, en tog is baie van die response oënskynlik van min waarde vir ontleding. Dit verwys slegs na tydperke uit die persoon se lewe, 'n vorige vakansie, of sommer net „aangename dinge". Hierdie response kan wel vir dieper ontledings gebruik word, veral indien dit in verband gesien word met die hele toetsreeks, maar

dit sou veel meer tyd neem as wat gewoonlik met onvoltooide sinne geregverdig is.

Sin nr 40. (Ek voel onseker van myself wanneer...)

Duplisering laag.

Sin nr 41. (Vir my is die doel van die lewe...)

Duplisering laag.

Sin nr 42. (My keuse van 'n vriend of vriendin is iemand wat ...)

Duplisering laag en hoewel almal nie van ewe veel waarde is nie, is sommige tog insiggewend.

Met betrekking tot sinne nr's 9, 11 en 16 ontbreek die voorafgaande ontleding. Die rede hiervoor is nie duidelik nie. Volgens die beskikbare inligting blyk dit dat sin nr 9 (Dit is vir jouself beter om ...) 54 oorspronklike, 52 duplliserings en 106 voltooide response gegee het. Vir sin nr 11 (... maak my woedend) is die getalle: 101 voltooi, 40 duplliserings en 61 oorspronklikes. Sin nr 16 (Ek sal gelukkiger wees as ...) gee 99 voltooiings, 57 oorspronklikes en 42 duplliserings).

### 3.2.2. Bespreking en Gevolgtrekkings.

(1) Bruikbaarheid van Bestaande Sinne.

Op grond van die voorafgaande ontledings blyk dit dat sinne 1, 4, 5, 21, 24, 25, 26, 27, 32 en 34 van geen werklike waarde is vir persoonlikheidsontleding nie. Hierdie sinne leen hulle tot veralgemenings en ontwykende antwoorde asook geykte en stereotipe uitdrukkings.

Sinne 8, 10, 15, 17, 18, 28, 35, 36 en 38 toon duplisering, maar het tog waarde vir persoonlikheidsontleding aangesien meer spesifieke inligting van die toetsling hier verkry word, hoewel die response selde oorspronklik is.

(2) Gestruktureerdheid van Sinne.

Sommige navorsers beskou hierdie soort toets as 'n projeksie-tegniek, terwyl ander dit sien as maar net 'n gewysigde vorm van 'n vraelys wat niks verder as die bewuste vlak deurdring nie. Sommige Onvoltooide Sinne toetse is inderdaad slegs vraelyste, terwyl ander beslis tot dieper lae van die persoonlikheid deurdring as die eersgenoemdes. Bellak[2)] beweer dat projeksie omgekeerde verband hou met die duidelikheid van die stimulus, en ook met die presiesheid van die instruksies. Daar is egter bykomende faktore soos die ingesteldheid en houding van die toetsling, die toetssituasie en die doel

waarvoor die toets gebruik gaan word. Rohde[17) ] het ook proefnemings met verskillende groepe toetspersone gedoen en gevind dat „when self-esteem is threatened by the test situation the subjects ... give more evasive responses and take longer time to respond." Rohde behandel die kwessie van die gestruktureerdheid of nie-gestruktureerdheid van die stimuli, dit wil sê die sinne-dele. 'n Sin is meer gestruktureerd wanneer dit 'n algemeen aanvaarde betekenis het, bv. die betekenis van die woord „terugslag" is duidelik en voor die hand liggend en daar bestaan 'n algemeen aanvaarde idee dat 'n terugslag karaktervorming ten goede beïnvloed. Die sinstam „Terugslae..." lok dus baie dupliserings uit in antwoorde soos ...is goed vir jou, vorm jou karakter, maak 'n beter mens van jou, ens.. Sulke antwoorde is na aan 'n spreekwoord en is in elk geval clichés. Omdat 'n meer gestruktureerde sin as minder bedreigend aangevoel word deur die toetsling, kan verwag word dat hierdie soort sinne meer dikwels beantwoord sal word. By sodanig gekonstruktureerde sinne egter, kan die toetsling 'n respons gee slegs oor die alledaagse en

oppervlakkige. Vir die doel van persoonlikheidsontleding sal sodanige sinne weinig meer waarde hê as 'n gewone vraelys, aangesien die toetsling die inligting wat hy verstrek eers kan sensor en selekteer. Veralgemenings, spreekwoorde, ontwykings kom dus meestal voor in die gestruktureerde response plus 'n hoë mate van duplisering. Tipiese verskynsels van hierdie aard kom voor in die N.I.P.N. vorm van die Onvoltooide Sinne toets by sinne nr's 1, 4, 5, 8, 10, 15, 17, 18, 21, 24, 25, 26, 27, 28, 32, 34, 35, 36, 38. Hoewel hierdie sinne nie oorspronklike response oplewer nie en nie kanse bied vir diepgaande kennis of insig nie, dien sommige van die sinne tog 'n doel deurdat die toetsling se houding oor sekere vasgestelde aspekte openbaar word in 'n positiewe, negatiewe, of ontwykende antwoord, bv. op die gebied van godsdiens. Die toetsling kan beswaarlik onbeduidende response gee en hy reageer dus byna soos op 'n direkte, duidelike vraag.

Navorsers soos Forer[8] en Nash[16] is voorstanders van gestruktureerde, vooraf-bepaalde en bekende stimuli om weer-spreking en verwarring aan die kant van die interpreteerder te voorkom. Die N.I.P.N. se toegepaste ervaring dui egter op die moontlike waarde van ongestruktureerde sinne by kliniese ontledings. 'n Toetsling se kommentaar op hierdie sinne is dikwels: „Ek het nie geweet wat om daar te skryf nie, want ek het nie geweet wat daar van my verwag word nie". Die gevolg kan wees dat die toetsling sodanige sinne ontwyk, maar indien hy dit beantwoord, word die respons opgebou uit sy eie houding, ondervinding of verwysingsraamwerk en verskaf dit dikwels informasie uit die meer onbewuste lae van die persoonlikheid.

Op die basis van Rohde[17, 18] se werk blyk dit dat die items van 'n Onvoltooide Sinne toets so gerangskik moet word dat dit die toetsling van die allerdaagse lei na die meer moeilik bekombare areas van die persoon-likheid. Die toetsling word dan op sy gemak

gestel en geleidelik by die meer projektiewe, ongestruktureerde items gebring. Sorg moet egter gedra word dat die belangrikste items nie heel laaste geplaas word nie, anders kan die gebrek aan tyd as verskoning dien om dit nie in te vul nie. Om die tyds-faktor in berekening te bring behoort die sinne wat niksseggende response uitlok, weggelaat te word en die minder waarde-volle sinne later geplaas word.

(3) Tydsfaktor.

Die tydsfaktor moet ook in berekening gebring word. Slegs 19 uit die 132 persone het al die sinne voltooi. Dit kan egter nie vanselfsprekend aangeneem word dat die ander persone deur die tydsfaktor verhinder is om die toets te voltooi nie. Dit blyk dat sekere sinne meer of minder dikwels as die voorafgaande en die daaropvolgende sinne beantwoord word. Verband is ook gevind tussen die frekwensie waarmee 'n sin beantwoord word en die hoeveelheid oorspronklike sinne of duplisering wat in die spesifieke geval by die toetsling voorkom. Hoe makliker of meer response gegee word,

hoe groter is die aantal dupliserings, en hoe minder oorspronklike of insiggewende response word gevind. (Die getalle van hierdie berekenings het egter verlore geraak). Ten spyte hiervan bly die argument nog dat, indien die toetsling meer tyd tot sy beskikking het, hy meer van die sinne wat hy nou uitgelaat het, kon ingevul het.

(4) Interpretasie van die Toets.

By enige toets waar daar ontleding gedoen moet word, is daar altyd die gevaar dat die geheelbenadering ("gestalt") van die dele van die toets verlore kan raak.[4)] 'n Indirekte, projektiewe tegniek kan egter verhoed dat hierdie ineenskakeling verlore raak, aangesien dit 'n half- of ongestruktureerde veld gee waarop die toetsling sy eie unieke wyse van sy interpretasie en waardering van die realiteite om hom kan aandui.[4)] Dit is moontlik vir die toetsling om dit te doen omdat hy nie bewus is van die doel van die toets nie. Die Onvoltooide Sinne metode kan as 'n half-gestruktureerde veld gesien word.

Met betrekking tot die interpretasie van die Onvoltooide Sinne toets blyk dit dat die toets nie tot sy volle reg gekom het nie, aangesien slegs die indiwiduele response ontleed is. Veral by 'n kliniese ontleding is dit belangrik dat die geheelverband gesien word, omdat die sinne mekaar toelig en aanvul. Binne die bestek van die eerste N.I.P.N. loodsstudies was dit ongelukkig nie moontlik om die geheel-verband-waarde van die toets na te gaan nie en is slegs die indiwiduele response ondersoek.

Die ondersoek is toe effens verder uitgebrei en twee addisionele bedenkings is gestel, naamlik:

(a) met betrekking tot die stereotipe response van so 'n groot persentasie van die sinne van die toets, en

(b) die feit dat die sinne grotendeels op persoonlikheidstrekke van 'n heel algemene aard mik. Met ander woorde, daar is nie voldoende gekonsentreer op persoonlikheidstrekke wat in verband staan met 'n persoon se houding teenoor sy werk, sy werksetiek, houding teenoor ander mense, bekwaamheid tot leierskap, ens., nie. Persoonlikheidsverslae vir die keuring van werknemers sluit juis hierdie aspekte in.

In die lig van die praktiese probleme is besluit dat 'n nuwe stel items opgestel moet word, eerder dan om die probleem van vooraf met 'n literatuurstudie aan te pak. As handleiding vir hierdie items is die Persoonlikheidstruktuurlys van P. R. Skawran (sien Bylae 2) gebruik. Die persone wat onderhoude gee, is gevra om voorbeelde van sinne te verskaf vir die gebiede waar hulle voel daar 'n leemte bestaan. In besprekings met hierdie persone, wat uit praktiese ervaring kon sê wat hulle nuttig vind, is 'n verbeterde vorm van sinne ontwikkel. Die sinne is aan elke personeellid gegee om te voltooi sodat dit kon dien as 'n loodsstudie. Op hierdie stadium was die sinne nog volgens spesifieke hoofde ingedeel, bv. onder "Houding teenoor Ander", "Werks-etiek", ens..

Die voltooide vorms is weer sin vir sin ontleed. Sinne wat duplisering uitgelok het, of onduidelik was, is uitgeskakel en in enkele gevalle vervang met nuwe sinne. Die nodige herrangskikking is gedoen, die hofies of opskrifte is weggeneem en die

sinne is vertaal (sien Bylae 1 a & 1 b). Hierdie is dan die verbeterde vorm van die Onvoltooide Sinne toets wat as die basis moet dien vir die voorgestelde eksperimentele vraelys in verdere ondersoeke. (Sien ook onder Aanbevelings nr 1).

4. Samevattend.

Die status en doel van Onvoltooide Sinne is nie volkome duidelik nie. Dit kan beter beskryf word as 'n metode eerder dan as 'n toets, veral as die definisie van Anastasi[1)] in aanmerking geneem word, waar sy sê: „a psychological test is essentially an objective and standardized measure of a sample of behavior". Hoewel daar ook bedenkings is oor tot hoe 'n mate die Onvoltooide Sinne metode 'n projeksietegniek is, word dit erken dat dit wel onder hierdie indeling sorteer en dat, vir sy gebruik, die projeksie-hipotese dien as die teoretiese rasionaal[10)]. Die vlak van persoonlikheid wat dit raak is nader aan bewussyn as die vlakke van persoonlikheid wat deur die Rorschach of die T.A.T. geraak word, maar dit is dieper as wat 'n direkte vraelys gaan. Hierdie intermediêre vlak is kenmerkend van die Onvoltooide Sinne tegniek en gee, saam met die daaropvolgende

onderhoud, groter voorspellingswaarde dan vele ander projeksie-toetse.[7] Die moontlike doel van die Onvoltooide Sinne metode is om as deel van 'n toetsbattery gebruik te word vir keuringsdoeleindes. Gemeet aan hierdie kriterium het die ou vorm van die Onvoltooide Sinne toets, met sy hoë mate van duplisering en minder beduidende antwoorde, beslis gefaal. Daar is 'n persentasie van 45 van die sinne wat besware uitlok.

Om die Onvoltooide Sinne metode vir N.I.P.N. gebruik te verbeter, is gepoog om hulle meer spesifiek met die werkvereistes in verband te bring.

In die opstel van die nuwe vorm van O.S. is daar slegs twee sinne van die ou vorm van die onvoltooide sinne ingesluit. Afgesien van die feit dat die persoonlikheids-struktuurlys in aanmerking geneem is by die opstel van die nuwe sinne, is daar ook gevoel dat sekere van die sinne wat minder beduidende antwoorde gee, tog wel bruikbaar is, maar dat dit beter beantwoord kan word deur 'n direkte vraag in die Biografiese Vraelys.

Wat die tydsfaktor betref is geen veranderings aanbeveel nie. Hier moet praktiese oorwegings in gedagte gehou word, naamlik dat die toetsling slegs vir een dag beskikbaar is vir ons toetse en onderhoude. Dit is nie die doel van die Onvoltooide Sinne toets om alle sinne beantwoord te kry nie, maar dat daar betekenisvolle antwoorde verkry word

wat vir persoonlikheidsontleding gebruik kan word. Die sinne wat uitgelaat word, lewer ook 'n bydrae daarin dat gesien kan word watter aspekte deur die toetsling ontwyk word. Gedurende die onderhoud kan hierdie aspekte meer spesifiek nagegaan word.

Wat die gestruktureerdheid, al dan nie, van die sinne betref, is dit die plig van die onderhoudvoerder om seker te maak dat dubbelsinnigheid by sinne of by enige ander aspekte opgeklaar word, m.a.w. die onderhoudvoerder moet uitvind of die toetsling 'n spreekwoord of cliché aangehaal het, en of hy werklik die opinie wat hy neergeskryf het, huldig. By die nuwe vorm van die Onvoltooide Sinne is gepoog om die sinstamme te struktureer daarin dat die sinstamme op spesifieke aspekte van toepassing is, bv. werksetiek, verhoudings met ander, ens.. Aan die ander kant, is daar ook gepoog dat die sinstamme so gestel is, dat die toetsling 'n opinie kan uitspreek en nie net positief of negatief kan reageer nie. Om laasgenoemde te verduidelik is daar bv. in die ou vorm van die Onvoltooide Sinne die sinstam „Godsdiens..." wat hoofsaaklik die positiewe of negatiewe antwoorde van „is noodsaaklik vir elke mens" of „stel ek nie in belang nie", uitlok.

In die rangskikking van die nuwe items is die temperamentstimuli na die einde verskuif aangesien inligting oor hierdie aspekte ook uit ander bronne verkry kan word, naamlik uit die selfbeskrywings 1 en 2, die

praktiese toets en die onderhoud. Dit maak dus nie soveel saak as hierdie deel nie heeltemal voltooi word nie.

Die idee om stimuli te gebruik wat korrespondeer met spesifieke lewensaspekte, in ons geval byvoorbeeld die werksituasie, word deur Forer[9], Stein[22] en Sacks[20] voorgestel en lewer blykbaar goeie resultate, veral ook by die interpretasie van die toets.

5. Aanbevelings.

(1) Die Onvoltooide Sinne metode maak deel uit van die toetsbattery wat deur die N.I.P.N. vir keuring gebruik word. Daar is dus 'n praktiese behoefte om die sinne te benut. Aangesien dit duidelik is dat die ou vorm van die Onvoltooide Sinne toets nie aan sy doel beantwoord nie en sterk besware uitlok, word dit aanbeveel dat die verbeterde vorm van die Onvoltooide Sinne toets gebruik word.

(2) Dit word ook aanbeveel dat hierdie ondersoek uitgebrei word tot 'n intensiewe studie na die doel, aard en waarde van die gebruik van die Onvoltooide Sinne metode. Hierdie intensiewe studie sal die doel dien dat 'n konseptuele raamwerk om die Onvoltooide Sinne metode te evalueer, opgestel word.

(3) Die items van die verbeterde Onvoltooide Sinne toets wat dan reeds toegepas is, en bewys dat hulle

pragmaties resultate lewer, hoewel die teoretiese grondslae nog nie duidelik is nie, kan dan benut word vir die finale vorm van hierdie projeksie-tegniek.

## LITERATUURLYS.


1. Anastasi, Anne. Psychological Testing. New York, Macmillan, 1954.

2. Bellak, L. On the Problems of the Concept of Projection. In: L.E. Abt & L. Bellak, eds. Projective Psychology. New York, Knopf, 1950, pp. 7-32.

3. Cameron, N.A. A Study of Thinking in Senile Deterioration & Schizophrenic Disorganization. Amer. J. Psychol., 1938, 51, 650-664.

4. Carne, A.M. The Use of the Incomplete Sentences Test in Routine Personality Diagnosis. Pam. 159. 927.072.

5. Ebbinghaus, H. Ueber eine neue Methode zur Prüfung Geistiger Fähigkeiten und ihre Anwendung bei Schulkindern. Z. Psychol. Physiol. Sinnesorg 1897, 13, 401-459.

6. Ellsworth, R. B. The Regression of Schizophrenic Language. J. consult. Psychol. 1951, 15, 387-391.

7. Fisher, C. Application of a Sentence Completion Test in an Industrial Situation. Ongepubliseerde B.A. Hons. tesis, Universiteit van Witwatersrand, 1962.

8. Forer, B.R. A Structured Sentence Completion Test. J. proj. Tech., 1950, 14, 15-29.

9. Forer, B.R. Word Association and Sentence Completion Methods. In: A.I. Rabin & Mary R. Haworth, eds. Projective Techniques with Children. New York, Grune & Straton, 1960, pp. 210-224.

10. Goldberg, Philip A. A Review of Sentence Completion Methods in Personality Assesment. J. proj. Tech. & Pers. Asses., 1965, 29, pp. 12-45.

11. Kahn, M.W. Psychological Test Study of a Mass Murderer. J. proj. Tech., 1960, 24, 148-160.

12. Kelly, T.L. Individual Testing with Completion Test Exercises. Teachers College Record, 1917, 18, 371-382.


/2...

13. Kelly, E.L. & Fiske, D.W. — The Prediction of Success in the V.A. Training Program in Clinical Psychology. Amer. Psychol., 1950, 5, 395-406.

14. Kelly, E.L. & Fiske, D.W. — The Prediction of Performance in Clinical Psychology. Ann Arbor. Uni. of Michigan Press, 1951.

15. MacBrayer, Caroline, T. — Differences in Perception of the Opposite Sex by Males and Females. J. soc. Psychol., 1960, 52, 309-314.

16. Nash, H. — Incomplete Sentences Tests in Personality Research. Educ. Psychol. Measmt., 1958, 18, 569-581.

17. Rohde, Amanda R. — Explorations in Personality by the Sentence Completion Method. J. appl. Psychol., 1946, 30, 169-181.

18. Rohde, Amanda R. — The Sentence Completion Method: its Diagnostic and Clinical Application to Mental Disorders. New York, Ronald Press Co., 1957.

19. Rotter, J.S. & Willerman, B. — The Incomplete Sentence Test. J. consult. Psychol., 1947, 11, 43-48.

20. Sacks, J.M. — The Relative Effect upon Projective Responses of Stimuli referring to the Subject and of Stimuli referring to Other Persons. J. consult. Psychol., 1949, 13, 12-20.

21. Sameuls, H. — The Validity of Personality Trait Ratings based on Projective Techniques. Psychol. Monogr., 1952, 60, No. 5.

22. Stein, M.I. — The Use of a Sentence Completion Test for the Diagnosis of Personality. J. clin. Psychol., 1947, 3, 46-56.

23. Sundberg, N.D. — The Practice of Psychological Testing in Clinical Services in the United States. Amer. Psychol., 1961, 16, 79-83.

24. Traube, M.R. — Completion-Test Language Scales. Contributions to Educ., No. 77. New York. Bureau of Publications, Teachers College, Columbia University, 1916.

25. Touchstone, F.V.A. A Comparative Study of Negro and White College Students' Aggressiveness by Means of Sentence Completion. Dissert. Abs., 1957, 17, 1588-1589.

# NUWE ONVOLTOOIDE SINNE.

1. 'n Goeie werker is een wat ...
2. Ek hou van werksomstandighede wat ...
3. Ongelukkig is die meeste werksomstandighede ...
4. Ek werk graag saam met mense wat ...
5. In die soort werk wat ek wil doen moet ...
6. Mense mag dink dis eienaardig, maar ek hou daarvan dat my werk ...
7. In my werk wil ek graag ...
8. In my soort werk is dit 'n teken van ambisie wanneer ...
9. As ek nie erkenning vir my werk kry nie ...
10. Wanneer ek saam met ander werk ...
11. Dit maak my opstandig as ...
12. Wanneer mense saam verkeer ...
13. Ek hou van 'n vriend wat ...
14. Ek werk veel beter as ...
15. 'n Mens kan ander ongelukkig maak deur ...
16. Onderdanigheid ...
17. Om leiding te gee ...
18. As ek van 'n fout beskuldig word ...
19. Tussen mense ...
20. Toegeeflikheid is ...
21. Ek voel jammer vir mense as ...
22. Dis irriterend as ...
23. Ek sou graag wou ...
24. My hoogste strewe is ...
25. Ek bewonder mense ...
26. Die beste eienskap van 'n leier is wanneer ...
27. Verantwoordelikheid word toegeken aan mense wat ...
28. Ek verwag dat ander ...
29. Daar is teveel mense wat ...
30. My geaardheid is meer ...

31. Soms beskou mense my verkeerdelik as ...
32. Ek haat dit om ...
33. Ek sal nooit ...
34. Dit ontbreek my aan ...
35. Indien die meerderheid my opponeer sal ek ...
36. Dit maak my senuagtig as ...
37. Ek sal my humeur verloor as ...
38. Met genoeg tyd en geld sou ek ...
39. As 'n persoon met iets sukkel ...

# NEW INCOMPLETE SENTENCES.

1. A good worker is one who ...
2. I like working conditions which ...
3. Unfortunately most working conditions are ...
4. I enjoy working with people who ...
5. The type of work that I want to do must ...
6. Others may find it peculiar, but I like my work to ...
7. I would like to ... in my work.
8. In my field a sign of ambition is ...
9. If my work is not acknowledged ...
10. When working together with others ...
11. ... makes me rebellious.
12. When a group gathers ...
13. I like a friend who ...
14. My work improves if ...
15. One can make others unhappy by ...
16. Submissiveness ...
17. To take the lead ...
18. If I am accused of making a mistake ...
19. Among people ...
20. Compliance ...
21. I feel sorry for people when ...
22. It is irritating when ...
23. I would like to ...
24. My greatest ambition is ...
25. I admire people ...
26. The best trait of a leader is when ...
27. Responsibility is given to people who ...
28. I expect ... from others ...
29. There are too may people who ...
30. My nature tends to be ...

31. Others sometimes incorrectly regard me as ...
32. I hate to ...
33. I will never...
34. I lack ...
35. If the majority opposes me I will ...
36. ... makes me nervous.
37. I lose my temper when ...
38. With enough time and money, I would ...
39. If someone has difficulty ...

# ONVOLTOOIDE SINNE.

AANWYSINGS:

In die volgende sinne is een of meer woorde uitgelaat. Dit word van u verwag om hierdie woorde in te vul en wel op so 'n wyse dat die voltooide sin u eie oortuiging uitdruk. U moet dus nie sommer die eerste gedagte wat in u opkom neerskryf nie, maar goed oorweeg of dit werklik u eie mening uitdruk.

1. ... en ... is die voorvereistes vir geluk in my werk.
2. Ek kom die beste klaar met ...
3. 'n Mens moet ...
4. As ek 'n plas bloed in die straat sien ...
5. Mense is almal basies ...
6. Ek hou daarvan om ... te wees.
7. Meestal kan mens die wereld ...
8. Streng dissipline ...
9. Dit is vir jouself beter om 'n ...
10. 'n Mens beoefen 'n beroep ...
11. ... maak my woedend.
12. Soms wonder ek of ...
13. Enige mens ondervind een of ander tyd ...
14. 'n Mens kan ander mense maklik beïndruk deur ...
15. My senuwees ...
16. Ek sal gelukkiger wees as ...
17. Terugslae ...
18. Ek voel ... tussen vreemde mense.
19. Ek is suspisieus teenoor ...
20. "..." is die belangrikste woord in my woordeskat.
21. Ek is bereid om te veg vir ...
22. ... is teen my.
23. Sommige dae voel ek ...
24. Solank mens in ... glo sal jy vèr kom.
25. 'n Mens moet nooit ander mense ...
26. 'n Mens kan ander lei deur ...

27. Elke mens het ...
28. As ek in 'n argument betrokke raak ...
29. My drange ...
30. Ek wil net altyd ...
31. Ek voel meestal ...
32. Soms doen ek dinge ...
33. Ek hou daarvan om ...
34. Mense kan die beste beoordeel word aan ...
35. Indien die meerderheid my opponeer ...
36. In 'n moeilike situasie voel ek dat die leiding ...
37. Ek is ...
38. Godsdiens ...
39. Ek onthou ...
40. Ek voel onseker van myself wanneer ...
41. Vir my is die doel van die lewe ...
42. My keuse van 'n vriend of vriendin is iemand wat ...

# INCOMPLETE SENTENCES.

INSTRUCTIONS:

In the following sentences one or more words are omitted. You are expected to fill in these words in such a way that the completed sentence expresses your own convictions. You must, therefore, not merely write down the first thing that comes into your mind but make sure that it expresses your own opinion.

1. ... and ... are the requisites for happiness in my work.
2. I get on best with ...
3. One should seek ...
4. When I see a pool of blood in the street ...
5. People are all basically ...
6. I like to be ...
7. One can usually ... the world.
8. Strict discipline ...
9. It is better for yourself if you take up an attitude of ...
10. One practises a profession ...
11. ... makes me furious.
12. Sometimes I wonder if ...
13. Every person at one time or another experiences ...
14. One can easily influence others by ...
15. My nerves ...
16. I shall be happier when ...
17. Set backs ...
18. I feel ... amongst strangers.
19. I am suspicious of ...
20. "..." is the most important word in my vocabulary.
21. I am prepared to fight for ...
22. ... is against me.
23. Some days I feel ...
24. As long as you believe in ... you will go far.
25. One should never ... other people.
26. One can lead others by ...

/2...

27. Every person has ...
28. If I become involved in an argument ...
29. My impulses ...
30. One always wants ...
31. I usually feel ...
32. Sometimes I do things ...
33. I like to ...
34. People can be judged best by ...
35. If the majority oppose me ...
36. I am ...
37. In a difficult situation, I feel that the lead ...
38. Religion ...
39. I remember ...
40. I feel unsure of myself when ...
41. For me the purpose of life is ...
42. My choice of a friend is someone who ...